## 2. LUISTERBEGRIP

**’n Uittreksel uit ’n onderhoud met skrywer Fanie Viljoen oor sy boek** *Die lewe se vuil houe*
Elna van der Merwe
Verkort uit: *Huisgenoot*, 24 Maart 2023
Onderhoud met Fanie Viljoen

“Tieners wat in vreemde omstandighede grootword, fassineer my. Die spesifieke onderwerp van *Die lewe se vuil houe* spook al ’n paar jaar by my nadat ek TV-programme oor die onderwerp gekyk het. Ek het my in Dewie se wêreld probeer indink. Hoe leef jy in só ’n huis? Hoe steek jy dit weg? Wat doen dit sielkundig aan jou?” Só verduidelik Fanie Viljoen waar hy aan die tema van sy nuutste jeugboek kom sonder om Dewie Koster se geheim te verklap.

Is dit ’n manier om die boodskap oor te dra dat geen tiener met ’n geheim dit alleen hoef te dra nie?

“Ek probeer nie eintlik boodskappe in boeke sit nie, maar ’n mens kan sê dat daar so ’n boodskap deurskemer. Dit is ook vir my ’n verhaal oor die kosbaarheid van ware vriendskap, soos die motto in die boek ook aandui,” sê Fanie. Die motto waarna hy verwys, is deur Herodotus: “Van alle besittings is ’n vriend die kosbaarste.”

Fanie is ’n bedrywige skrywer. Verlede jaar het die finale boek in die *Wêreld van wolwe*-reeks verskyn, asook *Sneeuman-swem* en die vertaalde boeke *Dreamers* en *Sacrifice to the flies*.

Benewens *Die lewe se vuil houe* verskyn *Ouma Mollie gaan terug skool toe* en die vertaalde boek *Jump* ook vanjaar. Hy vertel hy skryf elke dag so drie tot vier uur en drie tot vier maal per jaar doen hy week lange skooltoere regoor die land.

"Omdat ons so 'n geweldige leesprobleem in Suid-Afrika het, probeer ek en ander skrywers om kinders te inspireer om te lees. Ons praat met duisende leerders per dag. Baie mense sê kinders wil nie lees nie, maar wanneer 'n mens die regte boek by die regte kind uitbring, lees hulle ywerig. Skrywers maak met skoolbesoeke ook seker hulle bly in voeling met die leerders se leesbehoeftes. Skryf ons die soort boeke wat hulle wil lees? Is die boeke te dik, te dun? Is die voorblaaie reg?"

Fanie woon in die Vrystaat, en ek vra hom of hy in Kaapstad kom navorsing doen het om Dewie se Hoërskool Jan van Riebeeck-wêreld te leer ken.

"Dis 'n wonderlike skool en ek het oor die jare talle kere met die leerders hier gepraat. Hulle laat 'n mens so welkom voel, daarom wou ek die verhaal graag daar laat afspeel. Vir die navorsing het ek die skool spesiaal weer besoek. Ek het ook dae lank in die Tuine rondgeloop en foto's en notas geneem om die atmosfeer vas te vang."

So, is daar regtig 'n boekwinkel soos Jadey se ouers s'n?

"Ongelukkig" nie, sê hy, "maar daar is wel twee huise in die betrokke straat wat 'n fantastiese boekwinkel sou maak net soos in sy boek."

Hoe voel hy oor stories met ongelukkige eindes, vra ek hom.


"Ek voel stories moet 'n realistiese einde hê, maar die einde van alle boeke is eintlik onnatuurlik. In die werklike lewe sou die karakters se lewens voortgegaan het, maar in 'n boek moet 'n skrywer uiteindelik die laaste bladsy, die laaste paragraaf en die laaste sin skryf. Dit maak alle boekeindes eintlik onnatuurlik – en soms 'n bietjie ongelukkig, maar as daar hoop is, is ek gelukkig."

(https://www.netwerk24.com/huisgenoot/vermaak/boeke/n-uitreksel-uit-skrywer-fanie-viljoen-se-die-lewe-se-vuil-houe-20230324)

**VRAE**

1. Wie is die skrywer van die boek *Die lewe se vuil houe*? (1)
2. Hoe het die skrywer aan die tema gekom vir die boek? (1)
3. Wat is 'n moontlike boodskap wat deur die boek oorgedra kan word? (1)
4. Skryf die motto van die boek in jou eie woorde oor. (1)
5. Wat bedoel die onderhoudvoerder daarmee dat Viljoen 'n "bedrywige skrywer" is? (1)
6. Hoeveel boeke het verlede jaar verskyn? (1)
7. Wat behels Viljoen se werk as skrywer indien hy nie besig is om te skryf nie? (1)
8. Is die siening dat kinders nie wil lees nie, korrek volgens Viljoen? Verduidelik jou antwoord. (2)
9. Verduidelik wat Viljoen daarmee probeer sê dat hy seker maak hy bly in voeling met die leerders se leesbehoeftes. Gee een voorbeeld uit die teks om jou antwoord te staaf. (2)
10. Noem een manier hoe Viljoen navorsing gedoen het vir die boek. (1)
11. Hoe voel jy oor stories met ongelukkige eindes? (Jy mag nie Viljoen se antwoord daaroor as jou eie inspan nie.) (1)
12. Hoe, dink jy, kan 'n skrywer die "onnatuurlike" aard van 'n storie se einde anders aanpak? (2)

**[15]**



## 2. Luisterbegrip

1. Fanie Viljoen (1)
2. Hy het TV-programme oor die onderwerp gekyk. (1)
3. Geen tiener met 'n geheim hoef dit alleen te dra nie. (1)
4. 'n Maat is die waardevolste van enigiets wat jy kan besit. (Leerder se eie woorde.) (1)
   "Van alle besittings is 'n vriend die kosbaarste."
   (Direkte aanhaling)
5. Hy skryf baie boeke. / Hy het in die vorige jaar en die huidige jaar talle boeke vrygestel. (1)
6. 4 / vier (1)
7. Hy doen (drie tot vier maal per jaar week lange) skool-toere regoor die land. (1)
8. Nee. Hy reken dat die regte boek 'n kind ywerig sal laat lees. (2)
9. Hulle probeer gedurig vasstel waarin leerders belangstel. (1)

Voorbeelde: Word die regte soort boeke geskryf? / Is die boeke te dik of te dun? / Wat dink leerders van die voorblaaie? (1)

10. Hy het die skool (Hoërskool Jan van Riebeeck) besoek. / Hy het dae lank in Tuine rondgeloop / en foto's / en notas geneem. (1)

11. Leerder se respons. Motivering verdien die punt. (1)

12. Leerder se respons. Motivering verdien die punt. (2)

**[15]**